GROEIGROEP MATERIAAL

ONE Love Reeks

'Liefde'

Opening

Waaraan dink jy as jy die woord "liefde" hoor? Hoe verstaan ons dit?

_____

_____

KOM ONS BEGIN

Uit Sondag se diens het ons gehoor dat daar altyd "gaps" in verhoudings gaan bestaan. Die vraag is, hoe gaan ons die "gaps" gebruik? Ons kan dit met een van twee keuses vul, of ek mis die "gap" of ek kan dit vul met Jesus se liefde.

Wat is ons eerste gedagte as daar "gaps" tussen ons en mense bestaan?

_____

_____

Dink jy "gaps" bestaan ook waar ons kan getuig van God se liefde in ons aller daagse lewe? Het jy al 'n "gap" gevul met liefde? Noem 'n paar voorbeelde. Dalk kan ons uit mekaar se stories leer.

_____

_____

KOM ONS LEES

Lukas 10:25-37

INHOUD & GESPREK

Ons het hier te make met verskillende mense op reis, een persoon in nood en elkeen se reaksie op die nood wat hulle sien. Vir agtergrond was die man wat in die pad beseer was deur die rowers 'n Jood. Die Samaritane en Jode het in die Bybelse tyd nie om dieselfde vuur gesit nie. Hulle kultuur, taal en agtergronde het radikaal verskil. Steeds help die Barmhartige Samaritaan die man in nood.

Wat hoor jy in die teks? Wat staan vir jou uit?

_____

_____

Wat sal jy doen as so iets met jou moet gebeur? Hoe sal jy reageer? Wat wil Jesus vir ons sê deur hierdie handeling?

_____

_____

As ons na die karakters in die verhaal gaan kyk. Hoe was elkeen se reaksie op die beseerde man?
Priester

_____

Leviet

_____

Samaritaan

_____

Liefde kan woorde wees wat ons spreek. Maar wat is praktiese liefde?

_____

_____

Wat hinder ons om hierdie soort liefde te leef?

_____

_____

<u>UIT SONDAG SE EREDIENS:</u>

Elkeen van die karakters in die verhaal het ‘n keuse gehad hoe hulle die man in nood kon help:

- Die wetgeleerde - was die beseerde man ‘n onderwerp om te bespreek.
- Vir die rowers – was die beseerde man iemand om uit te buit en te beroof.
- Vir die priester en die leviet - was die beseerde man, ‘n probleem wat vermy moes word.
- Vir die herbergier - was die beseerde man, iemand aan wie hy teen vergoeding ‘n diens moes lewer.
- Vir die Samaritaan - was die beseerde man ‘n persoon wat: liefde en versorging nodig gehad het, en hy het dit vir hom gegee.

Soms kom praktiese omgee en liefde vir ons nie natuurlik nie. Help die volgende persoon ons hiermee. Gesels saam met mekaar hieroor.

Jan Johnson sê hieroor dat,

- Omdat LIEFDE EN OMGEE nie vir hom natuurlik kom nie,
- Hy nodig ons uit om onsself doelbewus in te stel om mense te help, téén ons natuurlike grein in.
- Dit moet 'n geestelike ingesteldheid wees

"Since compassion doesn't stream from most of us as naturally as it did from Jesus, we need regular spiritual practices to learn how to have compassion and show compassion."

Wat maak julle groep met die stelling van hom? Hoe kan julle mekaar help hierin?

_____

_____

Bespreek hoe hierdie teks ons help en aanspoor.

Mat 25:34-40

"Ek was honger maar jy het vir my kos gegee, ek was dors en jy het vir My iets gegee om te drink, ek was 'n vreemdeling en julle het my gehuisves, Ek was sonder klere en julle het vir my klere gegee; siek en julle het My verpleeg; in die tronk en julle het my besoek"

Amen...